**Strategie vir broer Andries (skuilnaam). 2Junie2014.**

**Hi daar my broer in Die HERE JESUS. Ek sit hier met 'n kilogram peanuts en raisons, my inbetweener snack. Was mossie naweek in Mosselbaai en jy ken mossie gesegde..."monkey see, monkey do". Moes vanaand "groentesop, Liefie, dis vreeslik gesond"....eet. In hierdie ysige wind en reënstorm. Dis nou nadat daar met groot fanfare aangekondig is dat ma Saloom vandag 'n hele halwe lam @ R57 per kg, gekoop het. "Heerlike braaitjops Liefie, 11 pakkies, en nog kookvleis ens ens bla bla bla". En ek eet groentesop broer. O, en by the way, geen sout op my peanuts nie, en my peanuts is rou, nie "roasted" nie. Maar eks dapper, was innie army, kannit vat broer. Het op klippe tussen spinnekoppe en slange geslaap. Dapper!!**

**Ek gaan nou vir jou 'n klomp Skrifte gee wat jy elke 4 ure hardop moet verklaar, sodat die geskrewe Woord LOGOS na die lewende, kragtige, dinamiese, leweveranderende RHEMA verander. Elke 4 ure, soos mens pille drink, maar eers : Vat hierdie!!!Dis jy Andries(skuilnaam).**

*Psalm 112:1 Halleluja! Welgeluksalig is die man wat die HERE vrees, wat 'n groot welbehae in sy gebooie het.*

*Psa 112:2 Sy nageslag sal geweldig wees op die aarde; die geslag van die opregtes sal geseën word.*

*Psa 112:3 Oorvloed en rykdom is in sy huis; en sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid.*

*Psa 112:4 Vir die opregtes gaan Hy op as 'n lig in die duisternis, genadig en barmhartig en regverdig.*

*Psa 112:5 Gelukkig die man wat hom ontferm en uitleen, wat sy sake volgens reg besorg.*

*Psa 112:6 Want hy sal nooit wankel nie; die regverdige sal in ewige gedagtenis wees.*

*Psa 112:7 Hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die HERE.*

*Psa 112:8 Vas is sy hart, hy vrees nie, totdat hy op sy teëstanders neersien.*

*Psa 112:9 Hy strooi uit, hy gee aan die behoeftiges; sy gerechtigheid bestaan tot in ewigheid; sy horing word verhoog in eer.*

**Ek kan van die bogenoemde getuig. Jy gee om vir die behoeftiges en saai in GOD's akker...mildelik.**

*Handelinge 9:36 En in Joppe was daar 'n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het.*

*Hand 10:2 Hy met sy hele huis was vroom en Godvresend en het baie aalmoese aan die volk gegee en was altyddeur in die gebed tot God.*

*Hand 10:4 En hy het die oë op hom gehou en vol vrees gesê: Wat is dit, my heer? Toe antwoord hy hom: Jou gebede en jou aalmoese het voor God in gedagtenis gekom.*

*Hand 10:31 en meteens staan daar 'n man voor my in 'n blink kleed en sê: Cornelius, jou gebed is verhoor en jou aalmoese is voor God in herinnering gebring.*

**Die uitspreek van Die Skrif bring geloof en Salwing en die Salwing sal die juk breek!!!!!Jesaja 10/27.**

*Sagaria 4:6 Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare.*

**"The Yoke will be destroyed because of the Anointing." (Isaiah 10/27).**

*ANOINTING DESTROYS YOKE !*

*Anointing can destroy the yoke. Anointing can break the yoke. What is this yoke? Why should it be destroyed? If you know the answer you can receive great blessings. Yoke is a wooden beam placed on the neck of the bullocks to make them draw carts or plough the fields. The beam is called the Yoke. When the beam is placed on the neck of the bullocks and bound, they become slaves and cannot run freely on their own. Thus the animal bound to the yoke is enslaved .*

*This is a YOKE. Our Lord also has a yoke for us. Jesus says :"Take my yoke upon you and learn of me; for I am meek and lowly in heart; and ye shall find rest unto your souls. For my yoke is easy and my burden is light" (Matt. 11:29,30) When we yield, of our own freewill, ourselves to live*

*yoked with the Lord, then the Lord places His yoke upon us- one end on our shoulder and the other upon His shoulder. Now we are yoked with Jesus. Jesus says; "My yoke"- it is easy and the burden is light and joyful. It will not be painful.*

*At the same time, satan is also trying to place his yoke upon us. Why? Just to enslave us, by bringing pain and sorrow in our lives. If you take satan's yoke on you he will show you no mercy even when you suffer and are constrained. You will be a slave to satan. But, when you are anointed, this yoke of satan WILL BE DESTROYED. But our Lord is different. His yoke is easy because He takes a greater portion of the burden on Him and gives us only a light burden. That is why He says; "My yoke is easy and my burden is light." (Matt. 11:30)*

*Satan has placed different yokes on people and has enslaved them. Jesus, through the power of His anointing, will fill us and break the satan's yoke on us. "The Lord is that Spirit. Where the spirit of the Lord is, there is liberty." (IICor.3:17) What is this yoke of satan? How does the anointing deliver us from this yoke? That will be our meditation and prayer today. Satan's yoke on you will be destroyed today*

*SICKNESS*

*Another yoke that satan puts on us is sickness. When the Holy Spirit comes this yoke of sickness is broken and we have great deliverance from that disease. The body is revived. The anointing we received revives, strengthens and rejurenates the body. When Jesus was preaching in a synagogue, there was a woman who had a spirit of infirmity eighteen years and was bowed together and could in no wise lift her up. Except that she was bowed, she was not in pain. Her hunchback was her pain. Jesus saw her and said,"Ought not this being a daughter of Abraham whom satan has bound to these eighteen years, be loosed from this bond on sabbath day?" (Lk.13:16)*

*Satan had bowed her with a yoke of infirmity for 18 years. Jesus healed her miraculously. Another time, "As they went out, behold they brought to him a dumb man possessed with a devil. And when the devil was cast out the dumb spake." (Matt.9:32,33) Here they brought to Jesus a dumb man. Because He know the cause of his dumbness, Jesus rebuked the devil and cast it out . Once the devil was cast out, the dumb man spake. "Then was*

*brought unto him, one possessed with a devil, blind and dumb: and he healed him, in so much that the blind and dumb both spake and saw." (Matt.12:22)*

*See, It was satan who blinded him. It was satan who made him dumb, If so, it was a yoke of satan placed on him. He lost his sight. He could not speak . Satan had placed this yoke of blind and dumb sickness on the man . But Jesus destroyed this yoke of satan on persons who came to Jesus, How was it possible? It was the mighty anointing on him. This anointing only loosened satan's bonds on men and freed them.*

*Many complain, "I have consulted many doctors, undergone various tests and consumed many medicines. But no cure. The doctors say I have no disease in my body". This is nothing but the yoke of satan. Even if you think to shine for Christ, satan will place on you yokes of pain, infirmities and sickness, that you may lose heart. But as soon as the anointing is poured on you, you will be healed. I was in Gujarat doing God's ministry. During the second day's meeting the spirit of the Lord told me, " there people are saved and are my children and they want to do ministry. But, satan has placed his yoke upon their bodies and spirit and is keeping them in bondage. Preach a message of deliverance for them"*

*I obeyed the Lord and preached what He told me and prayed for them. Immediately there was a mighty out pouring of the spirit and all were anointed. I did not pray for deliverance. The people prayed for anointing and they received it. Instantly, tumours vanished, the lame walked, people were relieved from pain, the blurred vision cleared. All the yokes satan had placed on them were destroyed by the Holy Spirit.* ***Anointing destroys yokes.***

*When the power of* ***the anointing descends on you, all the yokes of satan like worries, pains, infirmities, tumours and diseases are destroyed. The spirit of the Lord revives our bodies.*** *If you want the Lord to revive your mortal body you must yield it to the Lord as a living sacrifice. It does not matter even if you are sick for years.*

*The moment you are anointed the yoke of sickness on you will be destroyed. Once we were in Garware in Karnataka preaching the gospel. A Brahmin aged*

*about 65 years told us of an incident in his life. Some years back he was paralysed and bedridden. Many believers and servants of the Lord prayed but still he was bedridden. One day an evangelist came to the man and asked him, " for what should I pray for you?" Normally any sick person would answer, "pray for my healing". But this man said, "brother, pray that I may be anointed with the Holy Spirit". The evangelist was happy and prayed fervently. The family members also stood around his bed and prayed in spirit and praised.*

*Just as they were praising and praising the Holy Spirit started anointing him. After about half an hour when they opened their eyes the cot was empty! The man was standing along with the others praising and jumping . As soon as the man was anointed the yoke of infirmity was broken . He was totally healed. The same way all the weaknesses in your body will be destroyed when the Holy Spirit anoints you. "Anointing destroys yoke."*

*FEAR, CONFUSION, SUSPICION*

*Satan places the yoke of fear on many. A brother confessed, " I am saved. I read the Bible and pray. But there is a fear in me always." Fear is being troubled in spirit. This also is an yoke of satan. I know a family of earnest workers. During their vacation they will go to a Missionary Organisation and do ministry along with them. It was a very happy family.*

*Once I went to the place where they were living for my ministry. That wife gave me a prayer request for prayer. She had written, "Whenever my husband goes out for ministry, I have a suspicion that he goes out with some woman, spends the time and returns. Previously I would be very happy to look at his face.*

*But now whenever I look at him I become suspicious. This suspicion has destroyed my spiritual life. I have lost my peace and I always quarrel with my husband. Is my husband really cheating me or is it a baseless suspicion? My mind is confused. I do not know what to do". The spirit of the Lord told me, "She is under the spell of a spirit of suspicion". Satan has put upon her a yoke of suspicion.*

*This is how satan enters our family. If some one does not pray in spirit and is weak, not having fellowship with the Lord and have given way to the dictates of the flesh, they easily become the target of satan and he puts*

*his yoke upon then. Then we will gradually deviate from the Lord without being conscious of it. He will make his yoke upon us heavy and enslave us. Then we cannot pray as before.*

*We would have lost all joy and happiness of the spirit. There will be an emptiness in our spirit with fear and confusion destroying our peace. Satan will bring us to this state. But when the Lord anoints you, that anointing destroys the yoke of satan and the Holy Spirit gives us victory. I too had a lot of problems in the course of my ministry. When I decided to do ministry in a big way I had struggles, troubles, weariness, crises, fear, being troubled in spirit and confusion in my mind.*

*Satan tried to enslave me by putting these yokes of burden on me. But I yielded myself to the Lord and prayed in spirit. Then the Holy Spirit told me, "When the enemy shall come in like a flood, the spirit of the Lord shall lift up a standard against him." (Isa.59:19) Only this anointing has kept me as a servant of the Lord thus far. The Lord gives encouragement, confidence, boldness and victory at the correct time. These have upheld me stand as a minister of the Lord.*

*We surely need this anointing and without this anointing no one can stand firm in the Lord. Whenever problems, sufferings, fears, troubles and confusion will attack you, yield yourself to the Holy Spirit and pray filled in the spirit. All problems will be solved. How anxious satan was to put his yoke on you, he will be more anxious to flee from you. Satan heated the furnace seven fold to kill Shadrach, Meshak and Abednego. But our Lord descended into the fire with a greater power, walked with them and saved them. Whenever satan rises against you mightily, remember that the anointing of the Lord will descend on you in a more powerful way.*

*Only this anointing destroys the yoke. When you are anointed your heart will over flow with joy and you will be gladdened and will be bubbling. Even in a severe crisis, if you are filled with the Holy Spirit that anointing will keep you happy and all fears will flee. God wants to anoint you. Jesus the anointed one has come near you for this.* **The Lord will grant a new anointing every day of your life.**

*What should I do to receive this? You must* **thirst after the anointing** *and ask it of the Lord.* **Then the Lord will anoint you**

*and destroy all yokes and give you a great victory. Here after you will not be crying. When you receive this anointing nothing can frighten you or weary you. The Lord will pour on you this anointing and bless you. Believe and pray.*

*Jesus Christ, Praise be to YOU!!! Praise YOU for the Holy Spirit. Please, give me the anointing that destroys the yoke! Fill me with the power of the Holy Spirit.*

**Ek wil net hier inchip broer, ek is nou so onder Die Salwing, wil net in Tale praat. Prys HOM!!!Onthou!!! Onthou om elke dag in Tale te praat.** *Efesiers 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.*

*Destroy all yokes on me with the power of your anointing. Every day fill me with a new anointing. In the name of Jesus CHRIST, YOUR only begotten SON, Amen and amen!!!*

**Ek onthou hierdie getuienis van pastoor R.W. Shambuck. 'n Vrou vra hom een aand by 'n tentdiens om 'n pakkie M&M lekkergoed in sy baadjiesak te hou terwyl hy preek, soos met Paulus die geval was. Haar suster was al 30jaar in 'n inrigting vir kranksinniges en die saalsuster het toestemming gegee dat sy vir hierdie kranksinnige lekkergoed kon bring.**

*Handelinge 19:11 En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, Handelinge 19:12 sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het.*

**Toe die salwing op die prediking val, en Shambuck klaar gepreek het, kry die vrou die pakkie lekkergoed. 6 Maande later was Shambuck weer in daardie omgewing en na die diens kom 2 vroue na hom en die stel haar suster aan hom voor. Hy het hulle nie herken nie en toe die een vrou dit merk, sê sy : "Ek merk u herken my nie, hierdie is my suster, onthou u die M&M lekkers in u sak"?**

**Uit die veld geslaan vra Shambuck : "Is hierdie jou suster in die malhuis"? Die ander vrou antwoord toe : "Ja, ek was in die malhuis en toe ek die eerste M&M in my mond sit, toe vlieg iets uit my kop uit en die volgende dag, na 30 jaar, kon my suster my kom haal want die dokters het gesê : Ons weet nie wat gebeur het nie maar sy is vandag normaal, kom haal haar asb. Sy hoort nie meer hier nie". Prys Die HERE vir die Salwing.**

**Een keer het 'n loods van SAL een Sondagoggend, by ons diens opgedaag en 'n rok aan ons pastoor oorhandig en hom gevra om oor die rok te bid en met olie te salf. In Bloemfontein het 'n vrou in 'n kritieke toestand gewag om die volgende oggend 'n uiters gevaarlike operasie te ondergaan en sy sou minder as 10% kans op oorlewing hê. Na die diens het die loods PE lughawe toe vertrek en is met die middagvlug terug Bloemfontein toe.**

**Gedurende daardie week het die loods ons pastoor gebel en hom vertel dat die vrou daardie Sondagaand die rok aangetrek het en onmiddelik in die geloof opgestaan en haarself uit die hospitaal laat ontslaan. Toetse later die week het bevestig. Sy was totaal genees!!!Prys HOM!!!**

**By 'n ander geleentheid het ons pastoor 'n tannie met 'n "goiter" bedien en sy het by 'n getuienisdiens van genesing getuig maar ons het mekaar onderlangs beloer want, volgens almal daar, was daar absoluut geen teken van genesing nie en die tannie het steeds die swelsel gehad en het steeds met 'n effense roggel gepraat.**

**Maar een oggend het Die Salwing kragtig beweeg en skielik roep die pastoor die tannie uit en terwyl sy vorentoe kom, begin sy skielik hewig hoes en die volgende oomblik spring 'n soort "ghoen" van omtrent 30mm by haar mond uit en rol op die vloer. Onmiddellik was die swelsel en roggel weg en het die volk van Die HERE HOM vir SY wonderwerk geprys.**

**By 'n Sondagaanddiens het 'n NG tannie die AGS Kerk kom besoek. Daardie tyd was die pastoor met 'n reeks genesingsdienste besig en het baie mense met olie gesalf.**

**Die volgende oggend gaan hierdie NG tannie en 2 van haar vriendinne met 'n drommetjie motorolie en gooi die hele houer vol olie uit op 'n vriendin, ook 'n NG tannie, wat terminaal aan kanker in haar bed lê. 'n Paar dae later staan die siek tannie op. GENEES!!!Die Salwing word nie voorgeskryf hoe om te werk nie. Dit breek die jukke!!!**

**Eendag, September 1988, vra 'n vriend dat ek vir sy pa, 83 jaar oud, gaan bid. Die oom was in 'n rystoel na 'n erge beroerte. Ek het sy ouers baie goed geken en toe ek daar kom, moes ek eers verduidelik hoekom ek nou 'n Apostolie, gered en gedoop ens was en van handoplegging en salwing met olie en met Die Woord alles bewys wat ek vertel het.**

Toe salf ek die oom, met hand oplegging, en onmiddellik weet ek iets het gebeur. Ek kon letterlik voel hoe Die Salwing deur my arms na my hande en na die oom vloei en het geweet die oom gaan herstel. Twee dae later ry ek en my vrou by die oom se huis verby en vind hom in die tuin, op sy knieë, besig om onkruid uit te trek. Loof Die HERE!!!

By 'n ander geleentheid in Witsand by Roepersfontein gemeente. Ek bedien die boodskap daar die Sondagaand en na diens kom 'n oom, ook 83 jaar oud, en vra my om die volgende oggend vir hom te kom bid. Daar gekom, vra die oom, met prostaatkanker, my om te bid dat sy bloedtelling van 26 na 40 opgaan. Hy sou die volgende oggend vir toetse George hospitaal toe gaan en as die telling na 40 opgegaan het, sou hulle een of ander "implant" gratis plaas. "Oom wil hê dat ek Die HERE vertrou dat oom sieker moet word"?

Skielik gewaar ek Die Salwing en weet ek moet dadelik bid. En ek bid dat Die HERE die telling afbring na zero. NUL. "Onmoontlik broer Sarel. Dit kan glad nie na nul toe nie, almal het 'n telling", en die oom lyk nie bietjie ongelukkig met my nie". Volgende Sondagoggend bedien ons weer by Roepersfontein. Die oom staan op en sê : "Ek wil net getuig. Dis nie meer nodig vir die "implant" nie. My telling is nul". Prys Die HERE!!!

My broer Leon (skuilnaam) in Uitenhage, gaan een Maandagoggend na 'n gemeenskaplike vriend, 'n haarkapper, om sy hare te laat knip. Hy was die heel oggend daarvan bewus dat Die Salwing kort-kort op hom kom. Terwyl Enzo (skuilnaam) sy hare sny en hulle lekker gesels, kyk hy meteens in die spieël en merk dat sy gesig blink maar dit lyk asof Enzo niks merk nie.

Later neem hy sy bonus seun na die munisipale kliniek en sit en maak seker dat Ryno (skuilnaam) veilig ingaan. Toe hy uit die parkeerplek wil trek, gaan die deur skielik langs hom oop en 'n swart man druk 'n handwapen teen sy kop en beveel hom om te ry. My broer sê dat vrede en kalmte ewe skielik oor hom kom en hy maak presies soos die man beveel.

'n Kort rukkie later beveel die man hom om by die taxi staanplek in te draai, en hy maak so. Terwyl hulle in die rigting van die staanplek ry, kom 'n taxi skielik aan die verkeerde kant van die straat afgery en Leon is geforseer om tot teen die sypaadjie te ry. Hy draai na die man om vir ander bevele te wag en die volgende oomblik skree die man vreesbevange, spring uit die motor en hardloop weg. Toe kyk Leon in die motor se tru-spieëltjie en merk dat sy gesig, soos vroeër die oggend, weer skitter. Hy het net Die HERE geprys toe hy uit die taxi staanplek ry en sê dat daar geen vrees by hom was nie en dat hy oortuig daarvan was dat Die HERE hom uit die situasie sou red. Prys Die HERE!!!

**Andries, dis waar!!!Die Salwing SAL die juk breek!!!Enige juk!!!Want niks is by**

**GOD onmoontlik nie :**

*Mattheus 17:20 En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en* ***niks sal vir julle onmoontlik*** *wees nie.*

*Matt 19:26 Maar Jesus het hulle aangekyk en vir hulle gesê: By mense is dit onmoontlik, maar* ***by God is alle dinge moontlik.***

*Markus 10:27 Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want* ***by God is alle dinge moontlik.***

*Lukas 1:37 Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.*

*Lukas 18:27 Maar Hy antwoord: Die dinge wat by mense onmoontlik is, is* ***by God moontlik.***

*Genesis 18:14 Sou iets vir die HERE te wonderbaar wees?*

*Jeremia 32:17 Ag, Here HERE, kyk, U het die hemel en die aarde gemaak deur u grote krag en deur u uitgestrekte arm; geen ding is vir U te wonderbaar nie.*

*Jeremia 32:27 Kyk, EK IS die HERE, die God van alle vlees; sou enige ding vir My te wonderbaar wees?*

## Enige juk!!! Enige juk Andries!!! Die Salwing breek enige juk!!!

**In 2002 ry ek en Salomie en ouma Gracie Albertinia toe. Ons was op 'n 40dae vas en die vorige aand het Die HERE my beveel om Albertinia toe te gaan, alhoewel ek geen idee gehad waarom ons moes gaan nie.**

**Teen die laaste afdraand, aan die Heidelberg kant van Riversdal, hoor ek skielik...'n tjip tjip tjip geluid onder die bakkie, ritmies...tjip tjip tjip en ek weet dadelik dat daar iets, moontlik 'n klippie, in een van die groewe van 'n buiteband vassit en ek steur my nie veel daaraan nie, maar toe word die geluid erger...tjoep tjoep tjoep en ek hou stil. Ek sien dadelik dat die regter agterband se loopvlak besig is om los te kom en ek besluit om baie stadiger voort te gaan want ek was nie instaat om, a.g.v. die 40 dae vasting, die band af te haal nie en sou iemand in Albertinia vra om my te help. Of ons moes maar omdraai en teruggaan Heidelberg toe...en besef onmiddellik dat dit satan se plan was om ons te keer om in Albertinia te kom en dadelik ry ek verder, maar net so 3km buite Riversdal, raak die geluid**

skielik erger en ek vind dat die loopvlak vir meer as 'n derde van die band los is. Ek moes nou 'n besluit neem. Ek besluit ons ry verder in geloof.
Toe ek terugklim in die bakkie, plaas Salomie 'n Leon Goosen gospel bandjie in die speler en ons sing lustig saam en steur ons niks aan die getjoep tjoep buite nie. Baie gou val Die Salwing op ons en binne enkele kilometers sê ouma Grace: "Hoe hoor ek dan nou nie meer die tyre se geraas nie". En waarlik, ons het tot in Albertinia en daardie middag weer terug gery Heidelberg toe. Die Salwing het ook hierdie juk gebreek!!!Prys HOM!!!
Maande later ry ons Pretoria toe, met die abba karavaan van meer as 500 kg en al ons bagasie op die bakkie. Terwyl ons in Roodepoort vir 2 weke was, het ons 'n Toyotabakkie in Groot Mariko gaan haal en terug gesleep tot in Roodepoort. Ek dink ons het intussen heeltemaal van die ou band vergeet.
Met ons terugkeer, met Salomie agter die stuur, terwyl ek bietjie rus, so min of meer 50km van De Rust af, sien ek skielik in my gees hoe ek my hand na die stuurwiel uitsteek en Salomie help om die bakkie onder beheer te kry. Dadelik vra ek haar om stil te hou sodat ek teen 'n boom kon staan en toe sê ek dat ek verder wou bestuur, maar sy wou nie omdat ek, volgens haar, te moeg was. Omdat ek haar nie wou ontstel nie, bly ek stil, maar sit gereed vir enige gebeurlikheid. Ons het seker nie 'n kilometer gery nie toe bars daardie ou band in stukke, ek gryp die stuurwiel en ons bring die bakkie, sonder enige probleem tot stilstand. Ons het letterlik duisende kilometers met daardie ou band gery voordat hy die gees gegee het, prys Die HERE. Sou enigiets vir Die HERE te wonderbaar wees???
My broer, hierdie getuienisse is almal waar, Die HERE weet dis alles waar. In die middel 1990's het ek na die Desember vakansie baie erge "gout" in my linkervoet gekry en moes vir behandeling na my huisdokter gaan. 2 Maande later lei Die HERE my in 'n 40 dae vastyd in. Op die 10de vasdag moes ek toevallig vir my 2 jaarlikse verpligte mediese ondersoek gaan en my dokter skiet omtrent 'n koronêr toe hy hoor ek is op 'n 40 dae vas. "Jy kan nie nou vas nie, jou liggaam is baie suur en op so lang 'n vasting vervaardig jou liggaam outomaties proteine, wat weer in meer suur omskakel omdat dit nie gebruik word nie en albei jou voete gaan erg aangetas word".
Die 12 de dag kom ek tuis na werk en gaan rus, soos my gewoonte was, so halfuur op my bed, terwyl aandete voorberei word. Ewe skielik kom ek agter dat my linkervoet effens styf voel en ek klim van die bed af...fout!!!Die pyn slaan so hard dat ek duiselig word. Ek klim dadelik, met groot omsigtigheid, terug op my bed en die volgende oomblik voel ek dat my regtervoet ook begin pyn en binne minute raak die dokter se diagnose waar en ek ken net PYN,

big time. En ek onthou die dokter se woorde, ek het hom geglo en die diagnose aanvaar, sonder om Die HERE in gedagte te hou. Dis 'n groot fout.

En wat doen ek nou? Dadelik begin ek my sonde bely en vra Die HERE om my deur Die Woord aan te spreek omdat ek tog op SY bevel op die vas gegaan het. En ek weet dat ek seker gemaak het dat Die HERE met my oor die vas gedeel het. Miskien was ek dan verkeerd, vertel satan. "Wyk satan, staan terug, want jy lieg". *Johannes 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.*

Ek vra toe of ek deur Die Woord antwoord vir my dilemma kon kry en maak in die geloof GOD se onfeibare Woord oop by, wag vir dit :

*2 Kronieke 16:12 En in die nege en dertigste jaar van sy regering het Asa gely aan sy voete; sy siekte was baie ernstig; maar selfs in sy siekte het hy die HERE nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere.*

*2 Kron 16:13 En Asa het ontslaap met sy vaders en gesterwe in die een en veertigste jaar van sy regering.*

Dadelik bely ek ook hierdie sonde, dat ek nie Die HERE nie, maar die geneesheer geglo het en ek klim van die bed af met hierdie woorde.

"HERE JESUS, ek weet my sonde is nou vergewe en nou gaan ek twaalf spronge van oorwinning oor satan spring, een sprong vir elke dag wat ek sovêr gevas het".

En ek spring...amper teen die plafon vas, een, twee, drie ens. Toe ek by sprong 12 kom...eensklaps...geen pyn, gesond. Prys Die HERE!!!Die juk gebreek, deur Die Salwing, en die krag van GOD se Woord. Sien, mens kan op SY Woord staatmaak. *Die antwoord is altyd daar.*

En ek vind vir my 'n weergebore dokter, na gebed vir een, stuur Die HERE hom in vir my. Dr. Ralph Hamman...bid vir mens, pomp jou nie net vol pille nie. Skeur sommer patalogiese verslae voor jou op met die woorde : "HERE JESUS, ek weier hierdie uitslag in JESUS Naam, Amen". Profeteer sommer toe ek eendag, weer op 'n 40 dae vas, by hom instap. "Broer Sarel, hoor die Woord van Die HERE...bedank dadelik uit hierdie maatskappy of EK neem jou uit". Ek neem bietjie te lank, die gevolg? Op 13November1998, om 3 uur die middag, staan ek op die sypaadjie voor my maatskappy se deur...ontslaan!!!Presies 11 maande na die profesie. 'n Ware profeet en geneesheer. Prys HOM!!!

**Ek dink dis genoeg getuienisse vir eers. Laat ons deur GOD se Woord gaan en 'n klompie Skrifte uitsonder om in geloof te verklaar. Kom in die GEES en ervaar Die Salwing. Breek die jukke. Destroy all the yokes.**

## Genesing Skrifte om hardop te verklaar.

*Exodus 15:25 En hy het die HERE aangeroep, en die HERE het hom 'n stuk hout gewys; dit het hy in die water gegooi, en die water het soet geword. Daar het Hy vir hulle 'n insetting en verordening vasgestel en hulle daar beproef*

*Exo 15:26 en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want EK IS die HERE wat jou gesond maak.* **Dis Jehova Rapha.**

*Exo 23:25 En julle moet die HERE julle God dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën, en Ek sal siektes uit jou midde verwyder.*

*Exo 23:26 Daar sal geen misdragtige of onvrugbare in jou land wees nie. Ek sal die getal van jou dae vol maak.*

*Exo 23:27 Ek sal my skrik voor jou uit stuur en elke volk waarby jy kom, in verwarring bring. En Ek sal al jou vyande vir jou laat vlug.*

*Deuteronomium 7:12 En omdat julle na hierdie verordeninge sal luister en dit hou en volbring, sal die HERE jou God vir jou die verbond en die goedertierenheid hou wat Hy jou vaders besweer het;*

*Deut 7:13 en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig, en Hy sal die vrug van jou liggaam seën en die vrugte van jou land, jou koring en jou mos en jou olie, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.*

*Deut 7:14 Geseënd sal jy wees bo al die volke; daar sal by jou geen man of vrou onvrugbaar wees nie, ook nie onder jou vee nie.*

*Deut 7:15 En die HERE sal elke krankheid van jou wegneem en al die kwaai siektes van Egipte wat jy ken, nie op jou lê nie; maar Hy sal dit lê op almal wat jou haat*

*Deut 30:19 Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag,*

*Deut 30:20 deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.*

*Deut 32:39 Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie.*

*1Konings 8:54 Net toe Salomo gereed was om hierdie hele gebed en smeking tot die HERE te bid, het hy voor die altaar van die HERE opgestaan uit sy knielende houding, met sy hande na die hemel uitgebrei;*
*1Konings 8:55 en hy het gaan staan en die hele vergadering van Israel hardop geseën en gesê:*
*1Kon 8:56 Geloofd sy die HERE wat aan sy volk Israel rus gegee het net soos Hy gespreek het: geen enkele woord het onvervuld gebly van al die goeie woorde wat Hy deur die diens van sy kneg Moses gespreek het nie.*
*1Kon 8:57 Mag die HERE onse God met ons wees soos Hy met ons vaders gewees het; mag Hy ons nie verlaat en ons nie verwerp nie—*
*1Kon 8:58 deur ons hart tot Hom te neig om in al sy weë te wandel en om sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge wat Hy ons vaders beveel het, te onderhou.*
*1Kion 8:59 En mag hierdie woorde van my, waarmee ek voor die aangesig van die HERE gesmeek het, dag en nag naby die HERE onse God wees, sodat Hy reg kan verskaf aan sy kneg en aan sy volk Israel na die eis van elke dag;*
*1Kon 8:60 sodat al die volke van die aarde kan weet dat die HERE God is, niemand meer nie.*

*Psalm 41:1 Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid. Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme; die HERE sal hom red in die dag van onheil.*
*Psa 41:2 Die HERE sal hom bewaar en hom in die lewe hou; hy sal gelukkig gemaak word op die aarde. Ja, U kan hom nie oorgee aan die begeerte van sy vyande nie.*
*Psa 41:3 Die HERE sal hom ondersteun op die siekbed; sy hele slaapplek verander U as hy krank is.*
*Psa 41:4 Ék het gesê: o HERE, wees my genadig! Genees my, want ek het teen U gesondig.*
*Psalm 91:13 Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap.*
*Psa 91:14 Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken.*

*Psa 91:15 Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee.*
*Psa 91:16 Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.*

*Psa 103:1 'n Psalm van Dawid. Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!*
*Psa 103:2 Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!*
*Psa 103:3 Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees,*
*Psa 103:4 wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede,*
*Psa 103:5 wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.*

*Psa 107:18 hulle siel het 'n afsku gehad van elke soort voedsel, en hulle het tot by die poorte van die dood gekom.*
*Psa 107:19 Toe het hulle die HERE aangeroep in hul benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos.*
*Psa 107:20 Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.*
*Psalm 107:21 Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders;*
*Psa 107:22 en laat hulle lofoffers bring en met gejubel sy werke vertel.*

*Psa 118:13 Jy het my hard gestamp om my te laat val, maar die HERE het my gehelp.*
*Psa 118:14 Die HERE is my sterkte en psalm, en Hy het my tot heil geword.*
*Psa 118:15 'n Stem van gejubel en van heil is in die tente van die regverdiges: die regterhand van die HERE doen kragtige dade.*
*Psa 118:16 Die regterhand van die HERE verhef; die regterhand van die HERE doen kragtige dade.*
*Psa 118:17 Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die HERE vertel.*
*Psa 118:18 Die HERE het my hard gekasty, maar my aan die dood nie oorgegee nie.*
*Psa 118:19 Maak oop vir my die poorte van die geregtigheid; ek wil daardeur ingaan, ek wil die HERE loof.*

*Psa 118:20 Dit is die poort van die HERE; regverdiges mag daardeur ingaan.*

*Psa 147:3 Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde.*
*waaroor hulle sal struikel nie.*

*Spreuke 4:20 My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde,*
*Spreuke 4:21 laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart.*
*Spr 4:22 Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.*
*Spr 4:23 Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.*
*Spr 4:24 Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou ver van jou af die verkeerdheid van lippe.*

*Spr 18:14 Die gees van 'n man ondersteun hom in sy krankheid; maar 'n verslae gees—wie kan dit opbeur?*
*Spr 18:20 Van die vrug van iemand se mond word sy maag versadig; hy word versadig van die opbrings van sy lippe.*
*Spr 18:21 Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.*

*Isa 41:8 Maar jy, Israel, my kneg, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend,*
*Jesaja 41:9 jy, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: Jy is my kneg; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie.*
*Jes 41:10 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.*
*Jes 41:11 Kyk, hulle almal sal beskaamd staan en in die skande kom wat op jou toornig is; hulle sal word soos niks, en jou teëparty sal omkom.*

*Jes 53:4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*

*Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

*Jeremia 30:17 Want Ek sal genesing vir jou tot stand laat kom en jou van jou wonde gesond maak, spreek die HERE; omdat hulle jou noem: die verjaagde. Dit is Sion, sê hulle, niemand vra na haar nie.*

*Hosea 6:1 Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind.*

*Mattheus 8:2 en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: Here, as U wil, kan U my reinig.*
*Mat 8:3 Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig.*
*Mat 8:8 En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net 'n woord, en my kneg sal gesond word.*
*Mat 8:9 Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my. En vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit.*
*Mat 8:10 Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie.*
*Mat 8:13 Toe sê Jesus vir die hoofman oor honderd: Gaan, en laat dit vir jou wees soos jy geglo het. En sy kneg het gesond geword in daardie uur.*
*Mat 8:14 En toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy sy skoonmoeder siek lê aan die koors.*
*Mat 8:15 En Hy het haar hand aangeraak, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en hulle bedien.*
*Mat 8:16 En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak,*
*Mat 8:17 sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.*

*nie glo nie, sal veroordeel word.*

*Markus 16:17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,*
*Mar 16:18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.*
*Mark 16:19 Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.*
*Mark 16:20 Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen.*

*Johannes 10:9 Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.*
*Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.*
*Joh 10:11 Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.*

*Romeine 4:17 soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.*
*Rom 4:18 Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees.*
*Rom 4:19 En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie.*
*Rom 4:20 En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee*
*Rom 4:21 en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.*

*Rom 8:9 julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.*
*Rom 8:10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.*
*Romeine 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.*

*Hebreers 11:11 Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.*

*Jakobus 5:13 Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing.*
*Jak 5:14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.*
*Jak 5:15 En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.*
*Jak 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.*

*1Petrus 2:24 wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.*

*3Johannes 1:2 Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan.*

## Oorlogvoering. *Bid hierdie hardop,menigmaal, aanhoudend!!!!*

**VADER, ek kom in Die Naam bo alle Name, JESUS CHRISTUS van NASARET, U Eniggebore SEUN, Die Groot EK IS wat Moses in die woestyn besoek het.**
**HEER, ek glo in U, in U SEUN en in Die HEILIGE GEES, ek glo U IS WAT U IS, U IS WAT U in U WOORD VERKLAAR en ek glo U WOORD: WANT:**
**U Woord kan nie lieg nie, want dis rein en gelouter:**
*Psalm 12:6 : Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal.*
**Ek word nou soos silwer gelouter :** *Psalm 66:10 Want U het ons getoets, o God, U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter.*
**Ek glo U weë is volmaak en U is 'n skild vir my om by te skuil :**
*Psalm 18:30 Die weg van God is volmaak; die woord van die HERE is gelouter; Hy is 'n skild vir almal wat by Hom skuil.*

**In U Naam is daar beskutting vir my :** *Spreuke 18:10 Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut.*

**U Woord is soos 'n skerp swaard :** *Hebreers 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.*

**In U vind ek toevlug :** *Psalm 61:3 Want U het 'n toevlug vir my geword, 'n sterk toring teen die vyand.*

**Ek sal U ken in al my probleme, want ek het vertroue in die volgende Skrifte wat my bemoedig.**

*Spreuke 3:5 Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.*

*Spr 3:6 Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.*

*1Petrus 5:7 Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.*

*1Pet 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.*

*1Pet 5:9 Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.*

*1Pet 5:10 En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus* ***nadat ons 'n kort tyd gely het,*** *julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!*

*Psalm 55:22 Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.*

**Ek besef dat U my soms moet beproef sodat my geloof kan groei, want U Woord leer my :** *Jesaja 30:19 Want 'n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon; jy sal nie meer ween nie; sekerlik sal Hy jou genade bewys op jou hulpgeroep; sodra Hy hoor, antwoord Hy jou.*

*Jes 30:20 Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien;*

*Jes 30:21 en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.*

*Jes 80:5 (80:6) U het hulle tranebrood laat eet, hulle oorvloedig trane laat drink.*
*Psalm 80:6 (80:7) U het ons 'n voorwerp van stryd gemaak vir ons bure, en ons vyande drywe die spot.*
*Psalm 80:7 (80:8) o God van die leërskare, herstel ons, en laat u aangesig skyn, sodat ons verlos kan word!*

*Jakobus 1:2 Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val,*
*Jak 1:3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.*
*Jak 1:4 Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.*
*Jak 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.*

*1Petrus 1:6 Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge,*
*1Petrus 1:7 sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;*
*1Petrus 1:8 vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap,*
*1Petrus 1:9 en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry.*

**Ek kom nou met vrymoedigheid na U Troon van genade, volgens Hebreërs 4/16 en weet dat ek by U genade vind :**
*Hebreers 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.*

*Klaagliedere 3:22 Dit is die goedertierenhede van die HERE dat ons nie omgekom het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie;*
*Klaag 3:23 hulle is elke môre nuut; u trou is groot.*

**Ek beklee my nou met U Wapenrusting in :**

*2Korintiers 10:3 Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;*

*2Kor 10:4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar **kragtig** deur God om vestings neer te werp,*
*2Kor 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,*
*2Kor 10:6 en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.*

*Efesiers 6:10 Eindelik, my broeders, word **kragtig** in die Here en in die krag van sy sterkte.*

*Efes 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle **staande** kan bly teen die liste van die duiwel.*
*Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, **staande** kan bly.*

*Eph 6:14 **Staan** dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,*
*Eph 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.*
*Eph 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.*
*Eph 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—*
*Eph 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.*

**Tot hier vir hierdie sessie broer. Ek gaan nou doeks en more weer verder. Mooibly.**